

As maatjies teeparty hou

Nooi al jou poppe vir tee. Maar moenie vir Teddie vergeet nie! Vra mamma om vir jou klein tafeltjie 'n eie mooi doek te maak, met plekmatjies vir etetjies en 'n teemussie vir teetyd!

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN

foto's MARIAM GILLAN gemaak deur ANET SCHOEMAN model NIKA SCHOEMAN



NA BLADSY 85

Die doekie pas oor enige klein speelgoedtafel. Versier die hoekies met oulike kolwyntjiekoebies. Die plekmatjies met servetsakkies kan gebruik word as kleinding 'n paar maatjies vir ete wil nooi. Die teemussie hou haar potjie tee warm tussen al die gebabbel deur.

ALGEMENE AANWYSINGS

Volg aanwysings deurgaans met behulp van diagramme en detail-foto's. Die aanwysings is vir net een tafeldoek met twee plekmatjies. Bereken die hoeveelheid kledstof noukeurig vir meer plekmatjies. Maak van diagramme gebruik om papierpatroondele uit te knip. Plaas dan op regte kant van kledstof voor uitknip. Naattoelating is 1,5 cm, waar van toepassing.

Calico = ongebleikte linne

Stitchwitch = dubbelkleef-aanstryktussenvoering

Vilene = aanstryktussenvoering


JY BENODIG

1 m bedrukte katoenstof, 115 cm breed; 25 cm bypassende effekleurige pienk en blou katoenstof, 115 cm breed; 25 x 90 cm Calico; pienk en wit reslappies vir room en kersie op kolwyntjiekoeke; 10 cm Stitchwitch vir appliek; 20 x 90 cm middelgewig-Vilene; 40 x 40 cm dun middelgewig-

watteersel; 20 x 50 cm liggewig-watteersel vir teemussie; 2,3 m skuinsband; bypassende masjiengare.

MAAK SÓ

- Tafeldoek: knip 85 x 85 cm-vierkant uit bedrukte katoenstof.
- Vou dubbele omslag, eers 5 mm, dan 1 cm. Maak randstiksel.




Detail van die kolwyntjiekoeke.

- Kolwyntjiekoeke: teken 4 dele van elke deel van koeke. Plaas op katoenstof. Stryk Stitchwitch agterop. Knip uit. Trek papierdele na. Plaas in elke hoekie in volgorde: koeke, room, ker-

sie en koekiehouer. Pars. Appliek koeke in satynsteek met bypassende masjiengare.

- Servette: knip vierkante, 14 x 14 cm. Werk af soos tafeldoek.

- Plekmatjie: knip 4 reghoeke, 16 x 24 cm, 2 uit pienk katoenstof en 2 uit




Die plekmatjie met servetsakkie.

Calico. Knip hoeke rond. Versterk agterkant van pienk katoenstof met Vilene.

- Eetgerei: speld 2 patroondele elk van mes, vurk en lepel op blou katoenstof. Stryk Stitchwitch agterop

NA BLADSY 86




elke deel. Knip uit. Verwyder papier. Spasieer op plekmatjie se voorkant. Pars. Appliek in satynsteek.

● Bord: teken 2 sirkels, 1 met 9,3 cm-, 1 met 4 cm-deursnee. Appliek kleiner sirkel reg in middel van groter een. Stryk Stitchwitch aan agterkant. Plaas in posisie op plekmatjie. Verwyder papier. Pars. Appliek in satynsteek.

● Servetsakkies: knip 2 dele. Werk kurwerand van sakkie-opening af soos tafeldoek en servette. Plaas met verkeerde kant na onder in posisie in onderste hoek regs op plekmatjie, rafelrande opmekaar. Knip hoek van sakkie in ooreenstemming met plekmatjiekurwe. Deurstik onderkant en regtersy van sakkie.

● Speld plekmatjie se voorkant, watteersel en Calico in dié volgorde vas. Deurstik al die lre op buitelyne van bord. Speld skuinsband reg rondom rafelrand. Stik en pars.



Die teemussie.

● Teemussie: knip 2 dele elk uit pienk katoenstof, Calico en watteersel. Dit is 2 halvesirkels, 26 cm breed en 16 cm hoog. Teepot: knip 1 deel uit bedrukte kleedstof. Stryk Stitchwitch aan agterkant. Plaas in middel, op voorkant van 1 deel van teemus. Verwyder papier. Pars. Appliek met satynsteek.

● Knip lang strook uit bedrukte katoenstof, 6 cm breed en 1 m lank. Vou oorlangs dubbel, verkeerde kante opmekaar. Pars. Vou 1 cm-platplooie elke 2 cm. Pars sover jy vou om plooi te behou. Maak randstiksel om plooi in posisie te hou. Rygplooi sal ook goed werk.

● Speld plooiestrook om borand, tussen 2 dele van teemus se buitekant, regte kante teenmekaar, rafelrande opmekaar. Begin 2 cm van onderkante af. Stik vas. Keer om sodat plooiestrook opstaan. Pars.

● Stik 2 dele Calico om borand aan mekaar vas. Plaas onomgekeer net binne buitekant van teemus.

● Knip 2 dele watteersel volgens teemusdele, sonder naattoelating. Skuif elke deel aan albei kante van teemus in, tussen buitekant en voeringgedeelte.

● Speld rafelrande aan mekaar vas. Knip netjies af. Versterk reg rondom met breë sigsagsteek. Rond af met skuinsband.

FYN HEKELRANDJIE

VAN BLADSY 79

vlg 7kb, 1kb in vlg ls, 11ks, 1lb in vlg 1ks-sp, *(1ks, 1lb in vlg sp) 3 keer; herh van *, eindig laaste herh by **, 1ks, 1lb in vlg sp, 1ks, gs in 3e van 4ks.

9e ry: gs in vlg sp, 14ks, *1kb in vlg ls, 1kb in elk van vlg 9ks, 1kb in vlg ls, 11ks, 1lb in vlg 1ks-sp, *(1ks, 1lb in vlg sp) 2 keer, 11ks; herh van *, eindig laaste herh by **, 1ks, 1lb in vlg sp, 1ks, gs in 3e van 14ks.

10e ry: gs in elk van vlg 11ks, *kb in vlg kb, 9ks, slaan 9kb oor, 1kb in vlg kb, 11ks, 1lb in vlg 1ks-sp, 1ks, 1lb in vlg sp, 11ks; herh van *, eindig met gs in 1e kb.

11e ry: gs in vlg ls, 12ks, *(1 viersl, 5ks) 5 keer plus 1 viersl in dieselfde ls, *5ks, 1kb in vlg lb, 1kb in vlg sp, 1kb in vlg lb, 5ks, (1 viersl, 5ks) 5 keer plus 1 viersl in vlg 9ks-ls; herh van * tot laaste 9ks-ls voor vlg hoek, 5ks, 1kb in vlg lb, 1kb in vlg sp, 1kb in vlg lb, 5ks, 1 viersl in vlg 9ks-ls, 5ks; herh van **, maar laat 1 viersl en 5ks aan einde van laaste herh weg, gs in 7e van 12ks.

12e ry: 1kb in dieselfde st as gs, *(1h1b, 5lb, 1h1b in vlg ls, 1kb in vlg viersl) 6 keer, 5kb in vlg ls, slaan 1kb oor, 1kb in vlg kb, 5kb in vlg ls, *1kb in vlg viersl, (1h1b, 5lb, 1h1b in vlg ls)

5 keer), 1kb in vlg viersl, 5kb in vlg ls, slaan 1lb oor, 1kb in vlg kb, 5kb in vlg ls; herh van * tot binne vlg hoek, 1kb in vlg viersl; herh vanaf **, maar laat 1kb aan einde van laaste herh weg, gs in 1e kb.

Knip gare af en heg netjies af.

REGUIT RAND

1e ry: Met regte kant van werk voor, heg werkdraad aan 1e lb van 1e ry van randstrook vas, 1kb in dieselfde lb, *5ks, hou laaste ls van albei op hekelpen en maak 2lb in 5e ks vanaf hekelpen, gare oor hekelpen en trek deur al die lusse op pen ('n trossie gevorm), 1kb in vlg dsl, 5ks, tr in 5e ks vanaf hekelpen, 1kb in vlg lb; herh van * tot binne vlg hoek, 1kb in vlg lb; herh vanaf eerste * nog 3 keer, maar laat 1kb aan einde van laaste herh weg, gs in 1e kb.

Knip gare af en werk netjies af.

AFWERKING

Maak strook klam en speld uit volgens mate. Plaas gehekelde randjie rondom linnedoek, merk die posisie van binnerand (reguit rand) van strook met 'n ry rygsteke. Vou 'n soom van 5 mm om, verstek die hoeke en werk vas. Plaas gehekelde rand teenaan linnedoek, die binnerand op die rygsteke, en werk netjies vas. Verwyder rygsteke.

Model 259C

WENNERS VAN FOTORAAI NR. 20

Die volgende lesers sal elk 'n SATIN SLEEPER-kussingsloop ontvang: Mev. S. Holliday, Villieria; A. H. Groenewald, Kraaifontein; mev. A. Lawrie, Walmer; mev. A. M. Frouws, Mosselbaai; mnr. C. Büchling, Vanderbijlpark; mev. M. Breet, Kenridge; mev. Bettie Beukes, Plumstead; mev. H. Page, Port Elizabeth; mej. A. Rabie, Bloemfontein; mev. S. M. Theron, Standerton; mev. H. Taylor, Standerton; L. M. Maritz, Bloemfontein; mev. M. E. Marais, Bloemfontein; mev. J. H. J. du Preez, Perdekop; mev. J. Hugo, Paarl; T. Grimbeek, Parys; mev. S. Dempsey, Bloemfontein; mev. S. Viljoen, Parys; A. P. van Straten, Parys; mev. B. Maritz, Fochville; mev. C. Kruger, Middelburg, Tvl.; mev. A. le Grange, Queenstown; mev. F. M. Williams, Bloemfontein; mev. J. D. J. Steyn, Kraaifontein; mev. C. Snelling, Vanderbijlpark; mev. M. Visser, Evanspark; Anne van Jaarsveld, Brandfort; mej. Karen Roos, Vryheid; mev. M. S. Boer, Secunda; mev. Esmé Smit, Bloemfontein; mev. Ansie Joubert, Secunda; mev. H. v.d. Vlies, Witbank; mev. D. du Plooy, Parys; Mitzi Harmse, Richardsbaai; S. Swart, Vanderbijlpark; mev. M. Martin, Paarl; mev. S. Olivier, Port Elizabeth; mnr. W. Olivier, P.E.; mev. M. v.d. Merwe, Hennenman; E. Williams, Vryheid; mev. J. Visser, Vryheid; Sarie Greyling, Hlobane; J. Andersen, Port Nolloth; H. van Eeden, Kraaifontein; mev. W. M. Bester, Umlaasweg; mev. Z. Brink, Roodepoort; mev. W. S. de Wet, Bronkhorstspuit; dr. R. M. Becker, Pretoria; mev. M. Keet, Standerton; L. Grové, Delmas; A. S. Kotzee, Klerksdorp; mev. M. J. Venter, Potchefstroom; mev. L. van de Bank, Balfour; mev. K. van Rensburg, Burgersdorp; mej. S. Matthews, George; H. Jordaan, Dendron; E. Ferreira, Wesselsbron; mev. M. van Greunen, Linton Grange; mev. T. Lombard, Pietersburg; mev. S. J. Basson, Wingate Park; mev. G. du Plessis, Vereeniging; mev. Nellie Meyer, Welkom; mev. G. Heydenrych, Bothasig; mev. H. Botha, Despatch; mev. S. S. Hanekom, Pretoria; mej. A. Smith, Bloemfontein; mev. Y. A. de Villiers, Sandton; mev. H. J. Koen, Bloemfontein; mev. E. A. Venter, Kirkwood; mev. V. D. Jones, Benoni; Caroline Labuschagne, Sundra; mev. E. S. Vermeulen, Warrenton; mev. Sharon Geyer, Koopmansfontein; Sandra Dippenaar, Ulco en Hantie Jonker, Fochville. Veels geluk!